

Maandag 29 Mei

Skrifgedeelte: 1 Petrus 3:1-7

Fokusgedeelte: 1Petrus 3:1-4, 7

Doen in jou huwelik dít wat by God groot waarde het

Hierdie brief is gerig aan gelowiges, uitverkorenes van God (1 Pet.1:1), wat die nuwe lewe in Christus ontvang het. Mense wie se leefwyse en dus ook hulle huwelike nie deur wêreldse sieninge bepaal moet word nie, maar deur dit wat by God groot waarde het (vs 4).

Die eerste lesers van hierdie brief het in 'n heidense omgewing geleef en baie vroue wat gelowig geword het, was nog met ongelowige mans getroud. Hulle kon maklik dink dat hulle nou hulle mans moes verlaat om Jesus te volg, of om hulle houding teenoor hulle mans te verander, of hulleself geestelik hoër te ag as hulle mans. Aan hulle word dit hier duidelik gestel dat hulle steeds aan hulle mans onderdanig moes wees, soos dit ook die gebruik was in die samelewing van daardie tyd.

Onderdanigheid in die samelewing (1 Pet. 2:11-18), asook dié van die vrou teenoor haar eie man, want dit is waaroor dit hier gaan (so-ook op ander plekke in die Nuwe Testament), beteken egter nie minderwaardigheid of dat hulle met minder agting of respek behandel kan word nie. Die Here Jesus Self was aan albei sy ouers (vgl. Luk. 2:51) en aan sy Vader onderdanig, maar Hy was nooit minderwaardig of minder belangrik as enigeen van hulle nie. Daarom kry die mans ook die opdrag om hulle vroue as mede-erfgename van die nuwe lewe in Christus met begrip en respek te behandel (1 Pet. 3:7).

Die vrouens word geleer dat onderdanigheid aan hulle mans sou kon meebring dat hulle mans, juis deur hulle voorbeeld van reinheid, eerbied, beskeidenheid en kalmte van gees, ook sonder dat hulle 'n woord hoef te sê, vir Christus gewen sal kan word (vs 1, 2).

Soek dan ook in jou huwelik na dit wat by God groot waarde het en wees sodoende 'n voorbeeld vir almal.

Sing: Psalm 34-1:6

Ds. JB du Plessis (Jan) (emeritus)